Oosrandse Jeugorkes bederf deur Villiers, Cornelia gemeenskap

Omstreeks ses uur Sondagoggend die 25e November verlaat 'n bus die Oos Rand uit Benoni met 49 jong orkeslede uitgevat in hul wit en swart orkes uniforms op pad na die Vrystaat.

Dit gaan die eerste keer in die geskiedenis van Cornelia en Villiers wees dat 'n simfonie orkes deel is van die kerkdienste.

Die eerste optrede van die orkes was tydens die Kerssangdiens in die Cornelia gemeente.

Die predikant, ds. Kemp, het almal verwelkom en aan die orkeslede wat slegs Engels verstaan, verduidelik dat in die Vrystaat selfs met die Portugese groente handelaar net Afrikaans gepraat word.

Musiek is gelukkig 'n universele taal en almal wat musiek maak, praat en verstaan dieselfde taal.

Die Oosrandse Jeugorkes onder leiding van Pienaar Fourie bestaan reeds sedert 1978.

Gedurende die laaste 34 jaar het die orkes al menigte optredes gehad en verskeie toere onderneem na onder andere Madagaskar, Namibië, Durban en in 2012 na Venda.

Die orkes het tans 49 lede.

Die jongste lid is slegs 10 jaar oud, en die oudste ourderdom toelaatbaar in 'n jeugorkes volgens internasionale standaarde, is 24 jaar.

Lede van die orkes kom van verskeie agtergronde en moet almal musiekonderrig ontvang om vaardighede te verbeter en sodoende die standaard van die orkes ook te verbeter.

Al die jong lede is passievol oor musiek.

Om in 'n orkes te speel bring soveel meer na vore as net die musiek wat gemaak word.

Leierskap ontwikkeling vind plaas, dissipline en konsentrasie word baie vinning aangeleer soos op geen ander plek nie.

Die Kerssangdiens het begin met musiek deur die orkes en orrel wat bespeel is deur die orrelis van die Evangelies Lutherse Kerk in Kemptonpark, dr. Gerhard Schwär.

Die gemeente het uit volle bors kersliedere gesing onder die begeleiding van die orkes.

Daar is ook menigte talent uit die plaaslike omgewing betrek.

Drs. Helena Jackson en Neels Cilliers het "Panis Angelicus" en "Met Middernag" gesing saam met die begeleiding van die orkes.

Die jong Mane Wentzel het almal hoendervleis gegee met haar lieflike stem wat "Pie Jesus" laat weerklink het deur die kerk.

Ds. Johan Jackson het gewys dat hy nie net kan preek nie maar ook die doedelsak kan speel.

"Drummer Boy" is 'n welbekende lied wat elke jaar gedurende Kersfees in inkopie sentrums gehoor word.

Dit is eintlik die storie van 'n klein seuntjie wat geen goud of geskenke gehad het om aan Jesus te gee nie.

Hy het egter na Hom gekom om op sy drom te speel vir die baba Jesus - want dit is al wat hy kon gee: sy musiek.

Daar is vertel dat daar 'n glimlag op die gesiggie van die baba was ná die drommespel.

Na die diens is die gemeente en die orkes deur die dames omtrent bederf met die allerheerlikste eetgoed.

Die landelike atmosfeer is deur die orkes lede en 'n paar ouers wat saamgery het, beduidend aangevoel.

Die orkes is hartlik verwelkom op die plaas van Jannie en Stinnie du Plessis waar die jong mense om die swembad ontspan het en 'n heerlike middagete ontvang het.

Die gasvryheid en vriendelikheid was eenvoudig oorweldigend.

Die Kerssangdiens in Villiers het die gemeente van Villiers in absolute meevoering ge-had.

Ds. Janse van Rensburg het almal hartlik verwelkom en die boodskap van genade aan almal verkondig.

Die jong musikante was erg moeg en uitgeput toe hulle omstreeks half nege met die bus uit Villiers vertrek het.

'n Hele aantal spelers moes die volgende dag nog eksamens skryf.

Die ervaring was ongelooflik, en die Vrystaat se hartlike verwelkoming aan die orkes en bederf van die lede het die uistappie die moeite werd gemaak.

Soos hier bo genoem, is dit absoluut noodsaaklik dat die kinders wat in die orkes speel, musiekonderig ontvang.

In vorige jare het die Nasionale Lotto Fonds die orkes befonds, maar in die laaste twee jaar is nog geen befondsing ontvang nie.

Daar is ongeveer vyf orkes lede wat nie kan bekosting om vir musiek lesse te gaan nie.

As daar enigiemand in die omgewing is wat een of meer van die lede wil ondersteun deur vir musieklesse te betaal teen R1000 per kwartaal, kan u mevrou Janet Dixon (die organiseerder van die orkes) skakel op 082 689 6586.

Ds. John Jackson speel doedelsak

Mane Wentzel sing Pie Jesus

NB! NB! NB!

Omdat Geloftedag vanjaar op 'n Sondag val, sal geen Interkerklike Geloftediens soos die vorige jaar in die Olifantlapa gehou word nie.

Elke kerk wat hierby betrokke is, sal hul eie dienste hou vir Geloftedag.

JW
MAKELAARS
'N GEMAGTIGDE FDV 32104
Vir hulp met u Mediese Skema
(Discovery, Medshield,
Profmed of Selfmed)
Kontak gerus vir
Johann van Rensburg
058 8132878
082 925 8320

DOMESTIC WORKER MINIMUM WAGE INCREASES FROM 1 DECEMBER 2012

Wage Tables for the Domestic Worker Sector						
Table 1	Minimum wages for domestic workers who work **more than 27 ordinary h** per week					
Area A						
Bergrivier Local Municipality, Breederivier Local Municipality, Buffalo City Local Municipality, Cape Agulh Municipality, Cederberg Local Municipality, City of Cape Town, City of Johannesburg Metropolitan Mun City of Tshwane Metropolitan Municipality, Drakenstein Local Municipality, Ekurhulen Metropolitan Muni Emalahleni Local Municipality, Emfuleni Local Municipality, Ethekwini Metropolitan Unicity, Gamagar Municipality, George Local Municipality, Hibiscus Coast Local Municipality, Karoo Hoogland Local Muni Kgatelopele Local Municipality, Khara Hais Local Municipality, Knysna Local Municipality, Kungwir Municipality, Kouga Local Municipality, Langeberg Local Municipality, Lesedi Local Municipality, Makar Municipality, Mangaung Local Municipality, Matzikama Local Municipality, Metsimaholo Local Muni Middelburg Local Municipality, Midvaal Local Municipality, Mngeni Local Municipality, Mogale Local Muni Mosselbaai Local Municipality, Msunduzi Local Municipality, Mtubatu Local Municipality, Nama Kh Municipality, Nelson Mandela, Nokeng tsa Taemane Local Municipality, Oudtshoorn Local Municipality, Ov Local Municipality, Plettenbergbaai Local Municipality, Potchefstroom Local Municipality, Randfontei Municipality, Richtersveld Local Municipality, Saldanha Bay Local Municipality, Sol Plaatjie Local Muni Stellenbosch Local Municipality, Swartland Local Municipality, Swellendam Local Municipality, Theewat Local Municipality, Umdoni Local Municipality, uMhlathuze Local Municipality and Witzenberg Local Municip						
Minimum rates for the period 1 December 2011 to 30 November 2012		Minimum rates for the period 1 December 2012 to 30 November 2013			Minimum rates for the p 1 December 2013 t 30 November 201	
Hourly Rate (R)	8.34	Hourly Rate (R)	8.95	Previous years minimum wage + CPI*** +1%	Hourly Rate (R)	Previous minimum + CPI**
Weekly Rate (R)	375.19	Weekly Rate (R)	402.96		Weekly Rate (R)	
Monthly Rate (R)	1625.70	Monthly Rate (R)	1746.00		Monthly Rate (R)	
Wages in Area A will be subjected to a CPI plus 1% increase for the period 1 December 2012 to 30 Nove 2013. The CPI*** (for the lowest quintile) six weeks prior to 1 December 2012 has been 6,4%.This mea						